RAADSBELEID

ONDERWERP : KOSTELOSE STORTING VAN UITGRAWINGSMATERIAAL BY PRIVAAT PERSONE / INSTANSIES DEUR MUNISIPALITEIT

VERWYSING : 16.3.4

BESLUIT NR : 12.5/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die storting van uitgrawings-materiaal, wat vanaf munisipale konstruksieterreine afkomstig is, te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die daarstelling van 'n wedersydse voordelige diens vir beide die Raad en private persone/instansies.

RIGLYNE

1. Uitgrawingsmateriaal/boupuin wat afkomstig is vanaf munisipale konstruksieterreine word kosteloos by private persone/instansies gestort, mits aan die volgende voorwaardes voldoen word:

1.1 Die leweringsafstand gelykstaande of kleiner is as die afstand na die Raad se konvensionele stortingspunt.

1.2 Die roete na die leweringspunt geskik en maklik begaanbaar is vir die Raad se toerusting.

1.3 Privaat persone mag uitgrawingsmateriaal kosteloos verwyder.

2. Stortingsmateriaal word op die ooreengekome posisie afgelaai en geen verdere hulp word verleen by wyse van die oopstoot van die materiaal nie.

3. Indien daar meer as een aansoek is, geskied lewering volgens 'n waglysstelsel.

PROSEDURE
1. Privaat persone/instansies doen skriftelik aansoek by die Direktoraat Tegniese Dienste vir die lewering van uitgrawingsmateriaal / boupuin.

2. Wanneer daar 'n munisipale konstruksieprojek plaasvind waar uitskotmateriaal gegenereer word, word daar deur Tegniese Dienste geoordeel watter stortingspunt(e) aan bovermelde riglyne voldoen en storting word dan dienooreenkomstig hanteer.

ROLLE
Direktoraat Tegniese Dienste.

VERWANTE BELEID
Beleid ten opsigte van verhaalbare werke.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word